Ges. 12 : 1, 2.
Ges. 60 : 1, 2
" 62 : 6.

# Nuwe Mense vir 'n Beter Wêreld.

P/diunste
U.P. 1953.

Mei

## I Die Behoefte aan Vernuwing

(2 Sam 12 : 1 – 14
Jes. 54 : 1 – 13) Hd. 4 : 12 – 22.
(II).

Oor d. hele wêreld, onder milj. mense is daar vandag d. groeiende besef: die lewe is nie wat dit moet wees nie – daar skiet êrens iets ernstigs tekort. Mens het iets uit lit geraak – rat v. masjien wat nie draai – d. orkes speel vals!

Dis nie net d. Koerante, wêr. leiers e.a. wat dit vir ons vertel nie – daar is duisende mense wat dit aanvoel : iets nie reg nie. Weet nie waar d. fout lê nie – weet nie wie verantw. is nie : weet net – iets is uit d. hak!

Dink maar aan:

① Staatk. verhoudinge: Gevoel tussen volkere : argwaan, wantroue, vrees; ≥ bv. Amerika – Rusland; Eng – Indië ; Weste – Ooste : blanke – naturel in Afrika. Lei tot botsinge (Mau-Mau moorde), spanning, bewapening ens. Wêreld vlg in 'n toestand van gewapende vrede!

② Ekon. lewe: Hoe baie dinge wat verkeerd is : rykdom v. klein, bevoorr. groepie vs. armoede v. miljoene; spanning tussen besitters – v makersklasse (besitloses); oneerlikhd + bedrog in handel tussen groepe + volkere verstoringe + onewewigtige verhouding tussen welvaart + behoefte > gegriefdhd, gebrek

aan openhartighd., ~~an~~ veruregeniug v.d. ekan. Nood van miljoene.

③ Maatsk. lewe: Swak behuising van miljoene, Ondervoeding, Verwaarlosing kinders, wanverhoudinge ouers & kinders, Jeugmisdaad ens.

④ Sedel. toestande: nie 'n baie rooskleurige beeld nie. By al ons tegn. vooruitgang & wetensk. ontwikkeling is daar ernstige morele ontwrigting: (Kopkeer in brief) ka) huweliksontrou; egskeidings; ou morele waardes oorboord; eerlikhd, ens.

⑤ Pers. lewe: Hier waar miskien d. grootste behoefte aan vernuwing:
- Mense wat lewe met gewaarwordinge van vrees, haat, minderwd, gevoel van verydeling, d. doelloshd & nutteloosheid v. dinge, lewe in eensaamhd, selfsug, wanhoop. „Jy arme, deur d. storm gejaagde, ongetrooste!" (Jes. 54:11) Het. 4:16.

Glo nie ek oordrywe d. skildering v.d. toestand nie, glo nie ek sê te veel as ek sê dat op alle gebiede v.d. mensl. lewe is daar toenemende NB behoeftes, node, wat roep om verandering & vernuwing! Dit verklaar vir ons dan ook baie v.d. onvergenoegdhd. d. gees v. frustrasie wat



so sterk lewe in baie mense se harte — d. oorboordgooi van ou gevestigde gebruike & tradisies sonder om te weet wat om i.d. plek daarvan te stel!

In hd. proses van oorboordgooi. van soek na nuwe bane, d. roep om nuwe metodes speel d. jeug 'n baie belangr. rol: Kan dit speel as hy wil. Nr. daar was i.d. verlede so baie teleurstelling dat ek nie weet of d. meeste jongmense nog kans sien om 'n beter wêreld te bou nie.

~~Probleem~~ Groepe 3-ledig:

① Baie wat geen behoeftes sien, geen probleme het, niks beters verlang nie. So deel geword v. hulle tyd & omgewing, so die lew. uitkyk & gewoontes hulle eie gemaak dat hulle nie meer besef: die lewe kan anders, kan beter! Verlaagde standaarde

② Baie wat d. erns v.d. toestand aanvoel, (of iets d/van) nr. hulle is so besig m. hulle eie sake dat hulle geen tyd of lus oor het om nog met hd. dinge hulle besig te hou nie (lewe in selfsug, geldmaak, plesier & genot)

③ Derde groep: bewus v. toestande — sien of voel aan dat baie dinge in baie mense se lewes moet verander of verbeter nr.: glo nie dat dit kan verander, of wanhoop aan 'n beter lewe — of fatalist. aanvaarding v. huid. toestand

Glo nie daar kan iets aan d. saak gedoen word nie — aanvaar met wil-lose gelatenheid 'n lewe van mislukking, 'n lewe van sukkeling, van een neerlaag op d. ander — omdat hulle nie glo dat dit nog anders kan nie!
— (Hoe ver hd. gees reeds deel geword het v. lew. uitkyk v. jeug — sinisisme)

Vr. is: Is hulle geregverdig in dd. geloof? Is daar niks aan te doen nie?

Op da. vr. sal ons Môre-aand probeer 'n antw. gee. Van hd. antw. hang so geweldig baie af!

Slot:

PINKSTER 1953: VRAE VIR GROEPSBESPREKING. 1

I. Die Behoefte aan Lewensvernuwing.

A. I. Op watter gebiede van die menslike lewe, sou u sê, het ons vandag die meeste behoefte aan vernuwing:
- die staatkunde?
- die ekonomiese lewe?
- die maatskaplike terrein?
- die morele lewe?
- die gebied van die mens se gees en hart?

2. Is die behoefte so groot dat ons baie ernstige aandag daaraan moet gee - of kan dit maar so voortgaan sonder ernstige skade of nadeel vir individue of gemeenskappe?

B. I. Watter behoefte bestaan daar vir lewensverandering of -vernuwing in ons studentelewe:
- in sy sosiale verkeer?
- in sy groepsverhoudinge?
- in sy morele beskouinge?
- in sy kultuurstrewe en prestasies?

2. Is die behoefte so wesenlik en so ernstig dat dit nodig is vir studente om daar besondere aandag aan te gee?

C. I. Van watter dringende en ernstige lewensbehoeftes het u bewus geraak in u lewe: geldelike probleme? Lewensideale (verward of vaag)? Ontbrekende of versteurde vriendskaps-verhoudinge? Onopgeloste liefdesverhoudinge of seksprobleme? Iets anders?

2. Het u al tyd geneem om die aard daarvan te bepaal - of is u skrikkerig vir die sakie?